Nuusbrief 1 van 2020



Wees altyd goed vir ander want dit veroorsaak dat jy die goedheid weer in ander sal raaksien. Hierdie kwartaal het op 'n baie vinnige drafstap begin. Dit was 'n besige kwartaal met baie aktiwiteite wat plaasgevind het. Dit is jammer dat die COVID 19 virus ons gedwing het om vroeër te sluit. Ons prioriteit bly egter dat die gesondheid en veiligheid van alle leerders eerste gestel moet word. Baie dankie aan elke Landboudal leerder wat die skool se naam met trots uitdra en die skool op verskeie terreine verteenwoordig het. Julle maak ons trots!

Personeel: Daar het ook verskeie nuwe personeel by die skool begin hierdie kwartaal. Mnr Rikus Bronkhorst, Juf. Marisda Jonker, Juf. Mari Prinsloo en Juf Natasia Muller. Mag julle 'n vreugdevolle tyd by Landboudal beleef.

VRL: Baie geluk aan Sue-Anne Kruger (Gr.12) wat aangewys is as VRL lid nadat 'n vakature ontstaan het. Die nuutverkose gr. 8 VRL lede is Mia Fourie, Marizanne Jacobs, Brink Bruwer en De Wet du Plooy. Baie sterkte vir hierdie belangrike werk wat julle verrig.

Redenaars: 'n Baie suksesvolle redenaarskompetisie is gehou met 14 deelnemers. Almal wat deelgeneem het was baie entoesiasties en het almal van hul standpunt probeer oortuig. Die volgende redenaarskompetisie sal op 6 Mei gehou word. Ouers word vriendelik versoek om hul kinders sterk aan te moedig om deel te neem.

Sportverslae:

Rugby: Die Rugby seisoen het net aan die gang gekom voor die Corona Pandemie ons getref het. Wedstryde het plaasgevind by die Fichardtpark Sportdag, teen Marlow en Noord-Kaap.

Krieket: Die o/15A Krieket span is nog onoorwonne in hulle liga en gaan voort met die liga in kwartaal 4. Baie geluk aan die 1ste Span wat die Bloemfontein 1ste Liga gewen het.

Toutrek: Die Toutrek het 3 liga trekke gehad voor hulle aan die SA Kampioenskappe gaan deelneem het. Die 520kg span het 3de in hulle afdeling gekom.

Skiet: Die eerste liga skiet is voltooi te Hotazel waar Landboudal 4 – Brons, 4 – Silwer en een Goud medalje verower het.

Atletiek: Vrystaat Kampioenskappe

25 Atlete het deurgedring na die Vrystaat Kampioenskappe wat die 6de en 7de Maart in Sasolburg plaasgevind het. Stefan Hendrikz het 'n GOUD in Hoogspring gekry met 'n hoogte van 1.95m. Marjone' Mathewson hardloop 'n SILWER in die 100m los. Paul van Zyl gooi 'n SILWER in die Spiesgooi. Wessel van Niekerk kry 'n BRONS vir 100m Hekkies en 'n BRONS vir 300m Hekkies. Sune' de Witt gooi 'n BRONS in die Diskus.

SA's

5 atlete is ingesluit in die Vrystaatspan wat die 18-21ste Maart in Boksburg sou gaan deelneem het aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe, maar weens COVID-19 is hierdie kampioenskappe uitgestel tot vedere kennis. Die atlete is: Stefan Hendrikz vir Hoogspring, Marjone' Mathewson vir 100m en 100m hekkies, Wessel van Niekerk vir 800m en 300m hekkies, Madre' Erasmus vir gewigstoot en Sune' de Witt vir diskusgooi.

Netbal

29 FEBRUARIE 2020 – Fichardtpark Sportdag
1ste wen 42 - 20 teen Sand du Plessis.
15A wen 24 - 2 teen HTS Louis Botha.
14A wen 10 - 2 teen Fichartpark.

7 MAART 2020 - Netbal teen Reddersburg
15B vs Reddersburg 14A: Wen 32 - 4
16A vs Reddersburg 19A: Verloor 12 - 4
14B vs Reddersburg 14A: Wen 12 - 8
19B vs Reddersburg 19A: Verloor 14 – 13

14 MAART 2020 – Interskole teen Hoërskool Noordkaap

O/14 A verloor 17-9
O/14 B speel gelyk op 11-11
O/15 A wen 16-5
O/15 B wen 23-8
O/16 A verloor 22-5
O/16 B vs HNK O/19 C wen 15-4
O/19 B verloor 18-8
O/19 A verloor 33-17

NETBALTOER

Weens COVID-19 is die Sportisimo netbaltoer na Bella-Bella vir eers uitgestel tot vedere kennis.

TWEEKAMP

6 atlete het aan die Suid-Vrystaat Kampioenskappe op 25 Februarie in Bloemfontein gaan deelneem. Hulle het uitstekend gevaar in die swembad en op die baan. Wessel van Niekerk behaal ‘n brons vir seuns o/15. Baie geluk aan hulle afrigter, Mnr. Sebastiaan Stander wat ook deelgeneem het en in Suid-Vrystaat span ingesluit is wat die vakansie aan SA’s sou gaan deelneem in Oudtshoorn, maar weens COVID-19 is dit afgestel.

SWEM

Baie geluk aan die swemmers wat die 20ste en 21ste Februarie aan die Interhoër in Bloemfontein gaan deelneem het. Wessel van Niekerk ontvang ‘n Brons vir 50m Rugslag Brons vir 200m Rugslag, Brons vir 100m Rugslag. Rian Steenkamp ontvang ‘n Silwer vir 200m IM.

Midmar Myl

4 van Landboudal se leerders het die 8ste Februarie die Midmar Myl gaan swem in Pietermaritsburg. Hulle het dit vreeslik baie genie ten uitstekend gevaar. Hierdie 4 leerders was: Carli Coetzee, Carla du Randt, Tonya Theron en Wessel van Niekerk. Baie danke aan Me. Marleen Marais en Me. Verona Burger wat die leerders vergesel het.

Hokkie

29 Februarie 2020 – Fichardtpark Sportdag
0/16A verloor 6 - 0 teen Blouskool.
0/19B verloor 3 - 0 teen Sand du Plessis.
0/19A verloor 3 - 0 teen Aliwal Noord

14 MAART 2020 – Interskole teen Hoërskool Noordkaap
O/19 A verloor 8-0
O/16 A verloor 7-0

Hokkietoer

Weens COVID-19 is die AJ Sportweek na Mosselbaai afgestel.

Tennis

28 Februarie 2020 – Fichardtpark Sportdag

Seuns eindig 4de in hulle groep
Dogters eindig 3de in hulle groep

Geniet die rustyd en wees veilig en versigtig waar u ookal mag wees. Onthou dat alle bystandsvraestelle wat gemis is die eerste dag van skool geskryf word. Ons sien u weer die 14 de April wanneer die skole heropen.

Mnr. Eduard Potgieter en personeel.